LELIENFONTEIN

Wingerdkwekers · Vine Growers

Lelienfontein Wingerdkwekers in Wellington is die tuiste van 'n vooruitstrewende wingerdstokkwekery in Suid-Afrika. Dié kwekery lê teen die hange van Groenberg, waar gesonde wingerdstokke gevoed word deur die helder bergwater van die Kromrivier. Die jong stokke word met kundigheid en noukeurigheid versorg om uiteindelik topgehalte wingerde te verseker.

Oupa Petrus se woorde

"Ek moet net noem dat die ent en kweek van siektebestande wingerdstokke sedert 1888 deur die Bosman familie gedoen word."

"Ek was in 1947 besig om stokkies uit te haal en sommer so op die land te klas en tel, toe daar die dag 'n CCD kar stilhou en 'n oubaas klim uit. Ek stap toe nader en so oor die draad vra hy vir my watter soort onderstok ons het. Toe ek vir hom sê dit is Pedro op 101-14, sê hy dat hy glad nie die soort druiwe ken nie, maar hy soek 101-14 en hy sal al die orige stokke vat."

"Dit was oom Koos Rabie van Wansbek, Robertson. Hy het die stokke kom haal en vir my tjek gegee van 280 pond vir sowat 15 000 stokke teen 18 pond per 1000."

"Die volgende week nadat hy geplant het, en seker tevrede was met die kwaliteit, vra hy vir my of ek die volgende jaar 18 000 Muskadel x 101-14 kan lewer – hy sal die entjies bring."

"So is die eerste stokkies in 1947 bemark. Die was die begin van Lelienfontein Kwekery, want toe het sy broer Outien, en sy bure, almal begin bestel."

LELIENFONTEIN, waar WINGERDSTOKKE gedy

Wellington se gesogtheid as 'n gebied vir die kweek van wingerdstokke kan onder meer toegeskryf word aan die grond wat vroeg in die lente reeds begin warm word. Hierdie warmte, saam met besproeiing, bevorder die groei van die jong wingerdstokke en lei tot sterk, gesonde plante.

Die enting van wingerdstokke in Suid-Afrika het in 1886 begin om te voorkom dat die Phylloxera-luis wingerde uitroei. Meer kultivars en klone word elke jaar ontwikkel sodat kliënte uiteindelik uit 'n groot verskeidenheid kan kies.

'n Trotse familie geskiedenis

Die Bosman-familie beoefen die kuns van wingerdstokenting en -kwekery sedert 1888. Dit is aanvanklik vir eie gebruik op hul eie wynlandgoed gedoen. Lelienfontein Wingerdkwekers is gebore toe Petrus Bosman sy surplus wingerdstokke vir die eerste keer in 1947 verkoop het. Hoëgehalte materiaal was skaars en dit was sy lewenslange ideaal om elke wingerdstok saam met sy stamboomgeskiedenis te verkoop. In 1985 het Jannie Bosman die tradisie wat sy vader begin het, voortgesit.

Lelienfontein Wingerdkwekers is 'n familie besigheid en word bestuur deur eienaar Jannie Bosman, sy seuns asook kundige voltydse personeel wie onlangs ook 'n aandeel in die besigheid bekom het. Dit is beleid op Lelienfontein om sinvolle werkskepping vir elkeen op die plaas te bied. Die kundige ent van wingerdstokke is 'n vaardigheid wat met geslagte ontwikkel is, en sommige personeellede spog met meer as 20 jaar se ondervinding.

- Lelienfontein Wingerdkwekers is 'n vlak 1 bydraer tot Swart Ekonomiese Bemagtiging
- Wes-Kaap Boer van die Jaar 2008 – Landbou Skrywersvereniging
- Plaaswerker van die Jaar 2007 – Rudnet
- Goud vir Bemagtiging 2008 – Rudnet

Wingerdstokke

By Lelienfontein word geglo dat suksesvolle wingerdverbouing afhang van die beste gehalte wingerdstokke wat beskikbaar is. .

Hier word alle vitus spesies gekweek:

- Wyndruiwe
- Tafeldruiwe
- Droogdruiwe

Registrasie

Die wingerdstokke voldoen aan die standaarde wat deur die Suid-Afrikaanse Plantsertifisering gestel word.

Die kwekery is geregistreer by die Sagtevrugte Plantverbeteringsvereniging sowel as die Wyndruif Verbeteringsvereniging.

Alle moontlike beskikbare, sowel as 'n wye reeks eksklusiewe kombinasies van wyn en tafeldruiwe word geënt by Lelienfontein Wingerdkwekers. Meer kultivars en klone word elke jaar ontwikkel vir 'n wyer seleksie deur kliënte, en meer as 350 verskillende kombinasies word elke seisoen geënt. Kliënte kies onderstokke vir hul spesifieke grondtipe en groeibehoeftes.

Bestellings

Om te verseker dat die kombinasie wingerdstokke wat u wil plant beskikbaar is, word aanbeveel dat die wingerdstokke reeds in April/Mei van die vorige jaar waarin die stokke geplant moet word, bestel word. Wingerdstokke mag huidiglik beskikbaar wees sonder dat 'n bestelling geplaas word as gevolg van bo-verwagte entresultate.

Ent- en kweekproses

- Bo-gemiddelde vat persentasie en beter benutting van skaars materiaal
- Vinnige suksesvolle vermeerdering.

Verkoop- en organisasiestelsels

- Akkurate en betroubare administrasie
- Uitstekende logistieke en netjiese inlê-perseel en fasiliteite.

Bemarking en velddiens

- André en Marco diens alle wingerdbou areas met jare se ondervinding in wingerdbou en plantverbetering.
- Lelienfontein roem op uitstekende naverkoop diens en staan gereed vir enige navrae of advies.

Grondves

- Verskeidenheid grondvesstatus-blokke beskikbaar
- 19 Hektaar, 46 kultivars en 133 kominasies
- Toegang tot die beste moederblokke in Suid-Afrika
- Jaarlikse inspeksie van moeder- en grondvesblokke.

Plantverbeteringsdienste

- Gevestigde grondveswingerde & grondvesklone-tuin gee toegang tot wye spektrum klone en kultivars
- Uitstekende kennis van onderstokke vir verskillende grondtipes, klone, kultivars en plantprosedures is oor die jare opgedoen. Hierdie ondervinding is aan alle kliënte beskikbaar
- Deeglike evaluering van hoe klone presteer in praktyk word gedoen en gedeel met kliënte.

Aktiwiteite en prestasies

Stokke afkomstig van Lelienfontein Wingerdkwekers het vandag gegroei tot wingerde wat gereeld blokkompetisies in alle streke in Suid-Afrika wen. So ook word kampioenwyne gemaak van druiwe uit wingerde wat aangeplant is met Lelienfontein Wingerdkwekers se stokkies.

Vir navrae, kontak Andre le Roux op 082 854 6816 of Marco Blom 083 441 9802

Tel (021) 864-1705 | Faks (021) 873-2517

Epos petrus@vinegrowers.co.za

www.vinegrowers.co.za